

Sing vooraf staande: Psalm 118:13 (p. 579)

- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:9 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewee.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Skrifberyming 9-1:11 (26:11)

Wet

Skrifberyming 9-1:11 (26:11)

- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbedding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 72:10 (p. 363)

- 10 Laat al die volke uit wydste kringe / aan Hom hul dank bewys
vir matelose seëninge, / en Hom gelukkig prys.
Klim op, my lof, na hoër sferes! / Van bowe kom die sien;
want Isr'els God aan Hom die ere! – / doen wonders, Hy alleen.

Skriflesing: Esegjël 21

Teks: Esegjël 21:12

Skreeu en huil, mensekind; want dit gaan teen my volk, dit gaan teen al die vorste van Israel: aan die swaard is hulle oorgelewer saam met my volk; daarom, slaan op die heup. (Esegjël 21:12 AFR1953)

Die laaste woorde wat ons hoor van die eertydse paradys is dat géruubs met die swaard wat vlam en flikker die toegang tot die tuin bewaak sodat die mens nie daar kan inkom nie.

- Hierdie swaard wat flikker en vlam, is die simbool van die straf van God oor die mens.
- Nader bepaal:
 - Dit simboliseer die doodstraf wat oor die mens uitgespreek is, want as hy in die tuin sou wou terugkom, sou hy daarmee doodgemaak word.

- Maar dit simboliseer ook die straf van God wat ons sal moet verduur as ons weer toegang tot sy heiligdom wil hê.

Só verskriklik gaan God die sondaar se sondes straf!

- Hy gaan met 'n swaard, wat flikker soos weerlig, onder die ontroues en ongehoorsames maai.
- Nadat Hy klaar doodgeslaan het, is sy toorn eers versoen.

Hierdie hele gedeelte vertel van twee verskillende dinge:

- Eerste openbaar dit die woede van God. Dit vertel van die wraak wat God gaan neem oor ons sondes.
- Maar in die tweede plek openbaar dit ook dat ons mense die straf nie sal kan dra nie, want dit is te erg.
- Dan besef ons: iemand anders sal moet kom om die straf te verduur.

Dit is presies waarom die Here vir die profeet sê dat ons moet huil en skreeu, want dit gaan oor óns sondes.

- Ons moet egter nie net skreeu en huil omdat ons met ons sondes die Here tot oneer is nie!
- Ons moet huil en skreeu omdat hierdie sondes van ons sulke verskriklike geweld oor ons gaan bring!

Esegiël het reeds in Babel gebly toe hy hierdie profesieë neergeskryf het.

- Hy is saam met die eerste groep Jode weggevoer.
- Al was hulle alreeds in Babel, het hulle nog altyd bly hoop dat Jerusalem nie vernietig word nie.

Toe openbaar die Here aan hulle dat Jerusalem verwoes gaan word! Die Here kan nie anders nie, want hulle sondes is te groot.

- Die Here teken sy woede vir hulle soos 'n swaard.
- Die swaard gaan verwoesting aanrig oor verskeie volke, maar veral dan oor Jerusalem.

Belangrik: Kyk na die beginsel wat hier uitgespel word! Die oordeel van God gaan nie net buite die kerk bly nie. Dit gaan ook oor die kerk self kom!

Die Jode in Babel het hierdie beeld van die swaard goed verstaan. Hulle het Babel se militêre krag baie goed geken.

- Maar wat 'n geweldige skok moes wees, was dat die Here nou juis dít gaan gebruik as instrument om sy oordeel te voltrek!
- Die Jode het altyd alles buite Jerusalem beskou asof dit ook buite die hemel sou wees – nou moes hulle meteens agterkom dat die Here ook die krag van die heidene in diens van sy eer het.

So kondig die Here sy oordeel aan.

- Die heidene is so in diens van God dat die Here sê dat dit Hy is wat sy swaard uittrek.
- Hy is so vertoornd dat hy die swaard nie weer in sy skede gaan terugsit nie.
 - Hy gaan aanhoudend daarmee slaan.
 - Die swaarste lyde is aan die kom oor hulle wat nie wou hoor nie.

Vers 7 beskryf ons in ons sondes:

En as hulle vir jou sê: Waarom sug jy? dan moet jy antwoord: Oor die tyding, want dit kom; en elke hart sal versmelt, en al die hande sal slap word en elke gees sal verstomp en al die knieë sal wegvloei soos water. Kyk, dit kom, en dit sal gebeur, spreek die Here HERE.
(Esegiël 21:7 AFR1953)

Die beskrywing gaan oor twee situasies.

- Eerstens beskryf dit hoe ons daarin beland het om sonde te doen.
 - Ons was net nie opgewasse teen die kwaad nie.
 - Ons was onwillig.
 - Ons hande en knieë was nie in die diens van die Evangelie nie.
- Maar terselfdertyd beskryf dit ook die toestand wat ontstaan wanneer ons sonde doen.
 - Ons harte sal versmelt van vrees, wanneer ons met die toorn van God oor die kwaad te doen kry.
 - Die hande is slap van onmag teen die almag van God. Die harte en die gees van die mens word stomp omdat die duiwel jou al hoe meer blind maak vir God se waarheid.

So staan almal so magteloos voor God. Israel het so voor God gestaan, en ons staan net soos hulle voor die Here. Magteloos teenoor God se straf.

Dan begin die Here self praat.

- Hy vertel dat hy 'n swaard voorberei het. Die swaard is skerpgemaak en geskuur.
- Die Here maak die swaard met baie groot sorg gereed om daarmee aan te toon met hoeveel sorg Hy ook sy toorn en straf gaan uitvoer.

Dis verskriklik om daaraan te dink. Vers 11 sê:

En Hy (God) het dit gegee om te skuur, dat hulle dit in die hand kan vat; dit is skerpgemaak, die swaard, en dit is geskuur om dit in die hand te gee van hom wat doodslaan. (Esegiël 21:11 AFR1953)

Eerstens praat die Here hier van die Babiloniërs.

- Die Here het aan hulle die militêre slaan krag gegee om die Israeliete dood te slaan, en weg te voer.
- Maar net so het God ook aan die satan die mag en die middele gegee om die ongehoorsames eendag in die hel te gaan vermink.
- Die satan is die een wat doodslaan – die een wat glad nie in die lewe belangstel nie.

So lyk die toestand. Daarom moet die mens skreeu en huil.

- Hierdie oordeel gaan nie teen die verwerptes alleen nie. Dit gaan ook teen ons – God se volk!
- Want ons moet doodeenvoudig gestraf word omdat ons dit verdien.

Wat vir 'n soort God sou die Here wees as Hy al die ongeregthede sommer net miskyk?

- Hy vergewe, maar Hy straf ook! En die straf is nie maklik nie.
- Die swaard word met al twee die hande vasgevat, en dan word die volk, soos hulle voorkom, net doodeenvoudig afgemaai.
- Die mense wat voorkom, word op die heupe middeldeer gekap. Dit word 'n slagbank, sê die Bybel.

Soos 'n weerligstraal flits die oordeel van God in die straf oor die mense.

14 En jy, mensekind, profeteer en slaan hand teen hand, sodat die swaard verdubbel word, tot drievoudig toe, 'n moordende swaard is dit, 'n moorddadige swaard, die grote, wat hulle omsweef.

15 Ek het die slagbank van die swaard opgestel teen al hulle poorte, dat die hart kan smelt en die struikelblokke baie kan wees. Ag, dit is gemaak tot 'n weerligstraal, dit is glad gemaak om te slag.

16 Bly aanmekaar, o swaard! Gaan regs, maak 'n aanval, gaan links, waarheen jou snykant ook al gerig is.

17 So sal Ek dan ook my hand teen my hand slaan en my grimmigheid tot rus bring; Ek, die HERE, het dit gespreek. (Esegiël 21:14-17 AFR1953)

Hierdie straf moet dus voltrek word om God se grimmigheid tot rus te bring.

Dit is wat op Golgota gebeur het.

- Die Here wou sy uitverkorenes nie met sy blink geslypte swaard afmaai nie, want ons sou nie die straf oorleef nie.
- Daarom is die Here Jesus Christus in ons plek gestraf. Die toorn wat Hy moes verduur, was soos wat hierdie slagveld beskryf word – verskriklik, wreed en bloedig. Só dat sy bloed self moes loop uit die spykergrate.

Dit alles moes wees sodat God se grimmigheid tot rus kon kom.

Die straf word in Esegiël in vier dele aangekondig.

- Van vers 8 tot 11 word die swaard geteken in sy doodmakende krag.
 - Die snelheid waarmee die mense in Jerusalem gaan val, word beskryf. Dit is die mense binne die kerk.
 - Daar was Jode wat gedink het dat 'n mens geen straf sou oorkom as jy in Jerusalem is nie. Net so is daar mense wat dink dat dit heeltemal genoeg is as jy aan 'n kerk behoort.
 - Jou lidmaatskap van die kerk wend nie jou einde af nie. Almal – dié binne die kerk en dié buite die kerk – wat ongehoorsaam is aan God, word gestraf.
- Die tweede deel word geteken in vers 12. Almal moet weekla. Daar is net plek vir tranes en hartseer in God se woede.
- Die derde deel van die straf word beskryf in vers 14 tot 15a.
 - Die swaard moet nou met al twee hande gevat word en met die snelheid van 'n weerligstraal heen en weer slaan.
 - Die moorddadigheid van die swaard verdrievoudig.
- Die vierde deel van die straf is van vers 15 tot vers 17.
 - Die swaard hou nie op om te slaan nie. Dit hou aan totdat God se grimmigheid bevredig is.
 - Hier word die oordeel so sterk gestel dat dit nie meer iemand anders is wat die swaard hanteer nie. Dis nou God self.

Hierdie straf beskryf aan ons wat alles gebeur het van die geboorte van Jesus Christus af tot met sy dood aan die kruis.

- Die aanvegtinge van die satan het al feller geword.
- Die toorn van God al hoe groter, totdat dit sy hoogtepunt bereik wanneer die Here Jesus aan die kruis hang en dit uitskreeu dat selfs God Hom verlaat het.

Dit word donker – helderoordag pikdonker. So erg was die straf wat Jesus moes verduur vir ons dat selfs die son nie eers sy lig kon gee nie.

Dit is die genade wat ons elke dag moet onthou – genade wat God aan ons geskenk het deur die kruisiging van die Here Jesus Christus.

- Die feit is dat Jesus Christus al die straf gedra het vir die hele volk van God.

- Toe ons moes skreeu en huil van smarte omdat ons nie in die hemel kon ingaan nie, en omdat ons ook nie die verskriklike toorn van God kon dra nie, toe het Hy in ons plek die toorn van God op Hom geneem.

Nou moet ons na regte skreeu en huil van blydskap omdat Jesus hierdie verskriklike toorn gedra het, en omdat ons sondes ons daardeur vergewe is.

- Nou is die grimmigheid van God oor ons tot rus.
- Nou is daar vir ons plek gereed in sy ewige woning.

Amen.

Slotgebed

Ons dank U, almagtige Vader, dat U ons smarte van ons af weggeneem het, en dat die Here Jesus Christus dit vir ons kon dra. Skenk ons 'n ware waardering vir sy verskriklike lyding ter wille van ons. Skenk ons die lewende hoop op die ewige lewe.

Amen.

Slotpsalm 89:1 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 20 Junie 2010